Nicola Se Uitstappie

EKSKLUSIEWE FOTO'S!

DIE SUID-AFRIKAANS-gebore model Nicola Breytenbach, wat tans in New York bly, het 'n paar dae afgevat uit haar besige skedule om te ontspan op Fire Island, die eksklusiewe eilandgemeenskap naby Long Island, New York. So asemrowend soos altyd het Breytenbach, wie se loopbaan van krag tot krag gaan (en wie se troudag nader sluip), in die wolke gelyk toe sy op pad was na die veerboot – maar wie sal nie dolgelukkig wees met so 'n pragtige Louis Vuitton-sak nie?

Dit lyk of die toekomstige bruid elke aspek van 'n glanspersoonlikheid onder die knie het – en sy het aangesluit by die lang lys van bekendes soos Ethan Hawke, Harvey Keitel, Uma Thurman en David Duchovny wat al in die verlede besoek afgelê het aan hierdie eksklusiewe wegbreekplekkie! Laat ons eerlik wees: of jy het dit, of jy het dit nie – en daar is geen twyfel daaraan dat sy dit beslis het nie!